**HOËRSKOOL VREDENBURG**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**TAAK 3: TAAL EN BERGIP**

**GRAAD 8**

**EKSAMINATOR:** L. SMIT

**MODERATOR:** L. CRAILL, K. CORDIER

**DATUM: APRIL 2021**

**TYD: 1 UUR 15 MIN**

**PUNTE: 50**

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Begrip | (20) |
| AFDELING B: | Visuele teks | (10) |
| AFDELING D: | Taalstrukture en –konvensies | (20) |

2. Beantwoord ALLE vrae
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE BLADSY.
4. Gebruik die numering wat op die vraestel is in die beantwoording van jou vrae.
5. Trek 'n KANTLYN aan die regterkant van elke bladsy.
6. Los 'n reël oop tussen antwoorde.
7. Skryf NETJIES en leesbaar.
8. Skryf met 'n BLOU of SWART pen.
9. Gee aandag aan spelling en konstruksie.
10. Sterkte!

**AFDELING A: BEGRIP**

**VRAAG 1**

TEKS A

Lees die volgende teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

## *Die Wonderlike verhaal van Marco Polo*

Amper sewehonderd jaar gelede is daar in die Italiaanse stad, Venesië, 'n seuntjie gebore wat later baie beroemd sou word. Sy naam was Marco Polo.


Marco se vader was 'n ryk Koopman wat handel gedryf het met lande in Asië. Daar was destyds in Europa baie min bekend oor die lande in die Ooste; daarom het Marco Polo met groot belangstelling geluister na die verhale wat sy vader oor sy reise vertel het. Sy vader het vir hom vertel van sy reise deur verskeie woestyne, asook sy reise te voet oor berge en per skip oorsee. Hierdie interessante stories het vir Marco Polo baie geïnspireer, en van kleins af het Marco Polo 'n groot honger vir avontuur gehad.

Toe Marco Polo sewentien jaar oud was, het hy sy vader en sy oom oor hoë berge en dorre woestyne op 'n reis na die Ooste vergesel. Die reis, wat drie jaar geduur het, is met kamele afgelê. Kamele was 'n goeie vervoermiddel vir hierdie reis omrede hulle uiterste hittes kan weerstaan en vir lank sonder water kan oorleef. Toe hulle uiteindelik in die Ooste arriveer, is hulle baie vriendelik, in die land waar Kublai Khan geheers het (die huidige China), ontvang. Marco Polo, sy oom en sy vader het toe sewentien jaar lank vir Kublai Khan gewerk en hom so goed gedien dat die Oosterse heerser hulle met geskenke oorlaai het. Hy het hulle ook by hulle vertrek tot in die Persiese Golf laat neem. Marco Polo het tydens sy verblyf geleer om die taal van Kublai Khan se mense, die Chinese, vlot te praat.

Vanaf die Persiese Golf het hulle oor land gereis na die Middellandse See en daarvandaan per skip teruggekeer na hul geboortestad, Venesië, wat hulle 25 jaar tevore verlaat het.

Marco Polo is in 1324, op die ouderdom van sewentig, oorlede maar voor sy dood het hy al sy wedervaringe op skrif gestel vir die mense om te onthou. Hierdie boek word vandag nog gretig gelees.

**[Bron: Van Heerden, P.W. 1987. Afrikaans vir die Middelbare Skool Standerd 7. Kaapstad: Via Afrika Uitgewers.]**



| **Woordverklarings/ *Word definitions*** | |
|---|---|
| Beroemd | *Famous* |
| Koopman | *Buyer* |
| Handel gedryf | *Traded* |
| Belangstelling | *Interest* |
| Reise | *Travels* |
| Dorre | *Dry* |
| Vergesel | *Accompany* |
| Geheers | *Ruled* |
| Wedervaringe | *Exploits/ Journeys* |
| Gedien | *Served* |
| Gretig | *Eager(ly)* |

1.1. Waarom het Marco Polo as jong seun baie in die Ooste belanggestel? (1)

1.2. Watter **taal** het Marco Polo tydens sy verblyf in die land Kublai Khan leer praat? (1)

1.3. Verduidelik waarom die reise van die Polo-gesin so goed bekend is. (2)

1.4. Waarom, dink jy, het hulle die reis oor die land met **kamele** afgelê? (2)

1.5. Hoe het die Oosterse heerser vir hulle **dankie gesê** vir al hulle getroue diens aan hom? (2)

1.6. Hoe oud was Marco Polo toe hy sy pa en oom na die Ooste vergesel het? (1)

1.7. In watter **stad én land** is Marco Polo gebore? (1)

1.8. Hoe oud was Marco Polo toe hy uiteindelik in sy geboortestad aangekom het? (1)

1.9. Sê of volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING is? Motiveer jou antwoord. (1)
***Marco Polo is in 1324 oorlede.***

1.10. Verduidelik in jou EIE woorde wat Marco Polo voor sy dood gedoen het. (2)

1.11. Is die volgende stelling **WAAR of ONWAAR**? Haal 'n sin uit die teks aan om jou antwoord te motiveer.

1.11.1 *Marco Polo is op die ouderdom van sestien oorlede.* (2)

1.11.2 *Marco Polo se reisjoernale word nie meer vandag deur baie mense gelees nie.* (2)

1.12. In watter **land** was die Kublai Khan se koninkryk geleë? (1)

1.13. Hoe **lank** het die Polo's se reis na die Ooste geduur? (1)


**Afdeling A: [20]**

## AFDELING B: VISUELE TEKS

### VRAAG 2

TEKS B
Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2 RAAMPIE 3




2.1. Die onderwyser kan nie glo wat hy sien nie. (RAAMPIE 1) Wat dink jy sien hy op die vloer? (1)

2.2. Bestudeer die karakter in RAAMPIE 1 se gesigsuitdrukking en beantwoord die volgende vrae.

2.2.1. Die onderwyser se gesigsuitdrukking wys dat hy ...?

A. kwaad is
B. hartseer is
C. bang is
D. opgewonde is (1)

2.2.2. Gee TWEE VISUELE aanduidings wat daarop dui dat die onderwyser hiérdie emosie (soos in 2.2.1. gekies) ervaar. (2)

2.3. Skryf die woorde in RAAMPIE 3 oor en vul die ontbrekende **leesteken** in. (1)

2.4. Hoe weet Neelsie dat sy kobra weg is? (RAAMPIE 3) (1)

2.5. Bestudeer die volgende sin uit raampie 3 en beantwoord die vrae wat volg:

*Het een van julle dalk gesien wat van my kobra geword het*

2.5.1. Skryf die eerste woord wat 'n **lang vokaal/klinker** bevat neer en onderstreep die lang vokaal. (1)

2.5.2 Gee die verkleiningsvorm van *kobra.* (1)

2.5.3 Skryf die eerste woord wat 'n **diftong (tweeklank)** bevat neer en onderstreep die diftong. (1)

2.6 Voltooi die volgende idioom.

*Daar is 'n* ________ *in die gras.* (1)

**Afdeling B: [10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

TEKS C
Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

**_Groot Vrugte-Avontuur van gesonde kos_**

1. Die feit dat elke ses uit tien kinders geen idee het waar hulle elke dag se groente en vrugte vandaan kom nie, is die inspirasie vir 'n motorfietstoer van Londen tot in kaap stad. Die Britte, Max MacGillivray en Garreth Jones, het Groot Vrugte-Avontuur onderneem as 'n manier om die belangrikheid van vars vrugte en groente in die dieet van veral kinders te bemark.

2. "Vars vrugte en groente is my passie. Ek sit my hart en siel in dié bedryf," sê Gillivray. Volgens hom is hy vasbeslote om iets te doen om mense in te lig oor waar hulle kos vandaan kom. "Ek wil die storie vertel waar al ons wonderlike groente en vrugte gekweek word, sowel as van die mense wat dit kweek. Dan sal jongmense verstaan dat kos nie net op die winkelrakke verskyn nie. Hulle sal die proses deur die oë van die kwekers ervaar, en leer hoe om waarlik dankbaar te wees."

3. MacGivallray en Jones het op hulle ysterperde op 8 November 2016 in Londen geklim. Nadat hulle verskeie plekke in Europa en elders aangedoen het, het hulle Suid-Afrika op 11 Januarie 2017 bereik.

3.1 Benoem die **klankverskynsel** wat kan voorkom wanneer "kinders" as "kinners" (paragraaf 1) uitgespreek word. (1)

3.2 Verduidelik die funksie van die **kommas** in die onderstaande sin:

"Die Britte, Max MacGillivray en Garreth Jones, het Groot Vrugte-Avontuur onderneem..." (1)

3.3 Waarom word *Groot Vrugte-Avontuur* met hoofletters geskryf? (1)

3.4 In paragraaf 1 is daar 'n spelfout. Skryf die korrekte spelling van die woord neer. (1)

3.5 Verdeel die woord "inspirasie" in klankgrepe en dui na elke lettergreep aan of dit **oop of geslote lettergreep** is. (5)

3.6 Waarom word "Suid-Afrika" (paragraaf 3) met 'n **koppelteken** geskryf? (1)

3.7 Verdeel die woord "passie" in **klankgrepe.** (1)

3.8 "Vars vrugte en groente is my passie. Ek sit my hart en siel in dié bedryf."

3.8.1 Benoem die **skryfteken** in die bostaande sin en verduidelik die funksie van hiérdie **skryfteken.** (2)

3.8.2 Benoem die **leesteken** in die bostaande sin en verduidelik die funksie van hiérdie **leesteken.** (2)

3.9 Watter **klankverskynsel** kom voor wanneer "vrugte" as "vrigte" uitgespreek word? (1)

3.10 Gee die meervoudsvorm van "siel" (paragraaf 2). (1)

3.11 Benoem die **skryfteken** in die woord "oë" en verduidelik wat die funksie van hiérdie skryfteken is. (2)

3.12 Gee die verkleiningsvorm van "kinders" (paragraaf 1). (1)

**Afdeling C: [20]**

**TOTAAL: [50]**

**GRAAD 8 EERSTE ADDISIONELE TAAL**

TAAK 3: TAAL EN BEGRIP

MEMORANDUM DATUM: APRIL 2021

EKSAMINATOR: L.J SMIT TYD: 2 UUR

MODERATOR: L. CRAILL, K. CORDIER PUNTE: 50

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

| Vraag 1 | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 1.1 | Gedurende daardie stadium was daar min inligting oor die Ooste beskikbaar. ✓ Gevolglik het Marco baie in die Ooste belanggestel. | 1 |
| 1.2 | Chinees. ✓ | 1 |
| 1.3 | Marco Polo het voor sy dood 'n boek ✓ oor sy reise ✓ bekendgestel. | 2 |
| 1.4 | Hulle het lang afstande deur die woestyn afgelê ✓ en kamele aard goed om die omgewing.. ✓ / Kamele is 'n goeie en betroubare vervoermiddel ✓ in die woestyn. ✓ | 2 |
| 1.5 | Hy het vir hulle **kosbare geskenke** gegee ✓ en hulle per skip **tot by die Persiese Golf vergesel/ laat neem.** ✓ | 2 |
| 1.6 | Sewentien (17). ✓ | 1 |
| 1.7 | Venesië, Italië (Korrekte spelling word nie verys nie). ( Beide vir 1 punt) | 1 |
| 1.8 | 42 ✓ | 1 |
| 1.9 | Feit ✓ "Die jaar wat hy gebore is" (beide vir een punt) | 1 |
| 1.10 | Hy het 'n boek ✓ oor sy reise geskryf en bekendgestel. ✓ | 2 |
| 1.11.1 | Onwaar, "Hierdie boek word vandag nog gretig gelees." ✓✓ (2 of 0) | 2 |
| 1.11.2 | Onwaar. "op die ouderdom van sewentien."✓✓ (2 of 0) | 2 |
| 1.12 | Sjina. ✓ | 1 |
| 1.13 | Drie (3) jaar. ✓ | 1 |
| | | **Totaal: 20** |

| Vraag 2 | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 2.1 | 'n Slang/ kobra. ✓ | 1 |
| 2.2.1 | A, kwaad. ✓ | 1 |
| 2.2.2 | Sy oe is wyd gerek ✓/ Snor -en kophare staan regop ✓/ Hy hardloop weg vir iets. ✓/ Daar is stofwolke om hom soos wat hy vir iets weghardloop. ✓ / Sy wenkbroue is gelig. ✓ (Enige 2) | 2 |
| 2.3 | Hy vra, "Het een van julle dalk gesien wat van my kobra geword het? ✓ | 1 |
| 2.4 | Die fles waarin die kobra moet wees, is leeg. | 1 |
| 2.5.1 | <u>Ee</u>n. ✓ (ee) | 1 |
| 2.5.2 | Ges<u>ie</u>n. ✓ (ie) | 1 |
| 2.5.3 | kobra**tjie**. ✓ | 1 |
| 2.5.4 | Daar is 'n **slang** ✓ in die gras. | 1 |
| | | **Totaal: 10** |

| Vraag 3 | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 3.1 | Assimilasie✓ | 1 |
| 3.2 | (Max MacGillivray en Gareth jones) ✓ aangesprokenes | 1 |
| 3.3 | Dis die **naam** ✓ van 'n motorfietstoer. / Eienaam | 1 |
| 3.4 | Kaapstad. ✓ | 1 |
| 3.5 | in – spi – ra – sie ✓<br>**in** (oop) – **spi** (oop) – **ra** (oop) – **sie** (oop) ✓✓✓✓ | 5 |
| 3.6 | Suid-Afrika is 'n samestelling waarin **rigting** voorkom. ✓ | 1 |
| 3.7 | pa - sie ✓ | 1 |
| 3.8.1 | Akuut. ✓ Beklemtoning ✓ | 2 |
| 3.8.2 | Punt✓ Die punt kom altyd aan die einde van 'n sin. ✓ | 2 |
| 3.9 | Ontronding. ✓ | 1 |
| 3.10 | Siele. ✓ | 1 |
| 3.11 | Deeleteken: Dui 'n nuwe lettergreep aan. ✓ | 2 |
| 3.12 | Kindertjies. ✓ | 1 |
| | | **Totaal: 20** |

**GROOTTOTAAL: [50]**